



Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te leer om veilig en met selfvertroue fiets te ry.
2. Te leer om sy fiets korrek te versorg.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Padtekens vir fietsryers ken en verstaan.
2. Die handseine ken wat fietsryers gebruik.
3. Die korrekte Afrikaanse name van al die fietsonderdele ken.
4. Die volgende instandhoudingswerk doen:
 - 'n Fiets skoonmaak.
 - 'n Fiets olie.
 - 'n Fietswiel oppomp.
1. 'n Fiets veilig kan hanteer.
2. Deelnem aan 'n fietsrit van twee kilometer.

C AANBIEDING

1. Bekom 'n kaart met die padtekens vir 'n fietsryer en maak seker dat die kinders hierdie tekens ken. Gaan te voet uit op straat en laat hulle die padtekens wat op fietsryers van toepassing is, herken.
2. Demonstreer die handseine wat op fietsryers van toepassing is. Gee geleentheid vir oefening van die seine sonder die fietse en daarna met die fietse.
3. Die Afrikaanse benaminge moet heelwat aandag kry en dring daarop aan dat die kind dit gebruik.
4. Demonstreer hoe en verduidelik waarom die instandhoudings gedoen word en laat die kind dit dan self toepas.
5. Oefen oor 'n tydperk binne 'n veilige omgewing totdat die kind die fiets veilig kan hanteer.
6. Die twee kilometer fietsrit vind aan die einde plaas nadat almal die nodige kennis opgedoen het. Die Offisier moet 'n veilige fietsroete beplan. Reël ook vir 'n voertuig wat saamry en ekstra volwasse hulp ingeval van nood. Om die fietsrit interessant te maak, kan 'n naam daaraan gegee word, byvoorbeeld "Vastrap". Aan die einde kry elkeen wat die roete volledig voltooi het 'n sertifikaat wat spesiaal vir die rit voorberei is. Dink ook daaraan om brons, silwer of goue plastiek "medaljes" volgens die klaarmaaktye uit te reik.